IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: SS44/08

DATUM: 23 OKTOBER 2006

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

DHEVENITY MITCHELLS Beskuldigde 1

GARRON POTTS Beskuldigde 2

---

# U I T S P R A A K

---

BAARTMAN, WnR:

[1] Die saak het aanvang geneem op 6 Oktober 2008. Beide beskuldigdes was regsverteenwoordig, beskuldigde 1 deur Meneer Matthewson en beskuldigde 2 deur Advokaat Engelbrecht (**SC**), Advokaat Badenhorst het deurgaans vir die staat opgetree.

[2] Die klagtes teen die beskuldigdes hou verband met die dood van ene Es-Louise Linnert. Es-Louise (**die oorledene**). Dit was gemene saak dat die oorledene op 2 April 2005 beswyk het aan die gevolge van skiet wonde. Dit was ook gemene saak dat ten tye van haar dood die oorledene in die geselskap van haar tante, Everlyn Linnert

(**Linnert**) kort na 20h00 in Palmietstraat te Eerste Rivier, in die Wes Kaap, oppad huis toe was.

[3] Terwyl hulle oppad was het Linnert twee persone, wie sy slegs as figure beskryf het, in die teenoorgestelde rigting as sy en die oorledene sien stap. Een van daardie persone, volgens Linnert, het nadat hulle reeds by mekaar verby gestap het teruggedraai en haar en die oorledene van agter genader.

[4] Linnert het aanvanklik gedink dat die persoon 'n sigaret wou aansteek, aangesien sy en die oorledene besig was om te rook. Die persoon het egter 'n vuurwapen na vore gebring en 'n skoot afgevuur. Linnert was getref, maar het uiteindelik daarin geslaag om weg te kom - die oorledene is getref deur meerdere skote.

**GESKIL PUNTE**

[5] Dit is in geskil wie die skut was op die betrokke aand. Linnert beweer dat beskuldigde 1 die skut was. Dit word betwis.

[6] Die staat het beweer dat beskuldigde 2 met persone saamgesweer het en of hulle aangehits het om die oorledene te vermoor. Die bewering was ten sterkste deur die verdediging ontken.

a. As basis vir die bewering het die staat aangevoer dat

die oorledene ŉ klaagster in ŉ klagte van verkragting teen beskuldigde 2 was en dat dit sy motivering was om met persone saam te sweer om haar te vermoor.

b. Dit was gemene saak dat beskuldigde 2 op 2 April 2005 gearresteer en aangekla was van verkragting op die oorledene. Die verkragting sou na bewering gedurende 2004 plaasgevind het.

c. Beskuldigde 2 het die bewerings van sameswering ontken en beweer dat die oorledene ten tye van haar dood ŉ klaagster in meer as een klagte van verkragting was. Dit het gedurende die verhoor geblyk dat die oorledene 'n klaagster in 3 hangende klagtes van verkragting was. Een van daardie klagtes was vir verhoor geplaas in Parow streek hof vir Maandag 4 April 2005. Dit was 2 dae na die moord op die oorledene.

**Klagtes beskuldigdes ten laste gelê**

[7] Die eerste klagte is ŉ klagte van `ŉ oortreding van artikel 18 (2)(a) van Wet 17 van 1965 en die alternatief tot daardie klagte is 'n oortreding van artikel 18 (2)(b) van Wet 17 van 1965, dit is die sameswering om die oorledene te vermoor:

a. Alternatiewelik

i. Mekaar en/of die ander en/of ander

persone uitgelok, aangestig, beveel of verkry het om vir Es-Louis Sharonio Linnert, 'n vroulike persoon te vermoor.

[8] Die tweede klagte waarop die beskuldigdes tereggestaan is 'n klagte van moord.

[9] Klagte 3 is slegs teen beskuldigde 1:

[10] a. Beskuldigde 1 is aangekla dat hy gepoog het om vir Everlyn Linnert 'n vroulike persoon te dood deur haar met 'n vuurwapen te skiet.

[11] Die vierde klagte was slegs teen beskuldigde 1:

a. Hy is aangekla van die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie.

**Artikel 150 toespraak**

[12] Meneer Badenhorst het die hof toegespreek in terme van artikel 150 van die Strafproseswet en het aangedui dat die staat die getuienis sal aanbied waaruit dit sal blyk dat die oorledene gedurende 2005 `'n klagte van verkragting teen beskuldigde 2 gelê het. Daar was ook ander verdagtes betrokke in daardie aangeleentheid. Hy het aangedui dat die staat verder gaan beweer dat beskuldigde 2 op daardie klagte gearresteer was en later op borg vrygelaat is.

[13] Meneer Badenhorst het aangedui dat nadat beskuldigde 2 op borg vrygelaat is op die klagte van verkragting, die

saak teruggetrek is omdat die oorledene vermoor is. Hy het verder aangedui dat die staat die getuienis sal aanbied van Mevrou Linnert , die tante van die oorledene, en dat sy 'n ooggetuie was met die voorval van die dood van die oorledene en dat sy dan die persoon is wie beskuldigde 1 op die toneel geïdentifiseer het. Dit is wat die staat sou poog om te bewys.

[14] Meneer Badenhorst het ook aangedui dat die staat hoorsê getuienis gaan aanbied en van voorneme was om te versoek dat daardie hoorsê getuienis toegelaat word in terme van artikel 314 van wet 45 van 1988. Die hoorsê getuienis wat die staat sou poog om aan te bied is die van Jeswaine Williams. Oor Jeswaine Williams is dit dienlik om op hierdie stadium te noem dat die getuienis wat wel aangebied is tot die effek was dat Jeswaine Williams op 'n stadium vir beskuldigde 2 gewerk het, welke bewering ontken word. Williams sou dan na bewering, terwyl hy in diens van beskuldigde 2 was, in 'n huis (in hierdie verhoor na verwys as die geel of cream huis) regoor beskuldigde 2 gewoon het.

[15] Inwoners van daardie huis was onder andere ene Miley. Die gesprekke waaroor die hoorsê sou gaan sou in daardie huis plaasgevind het. Williams sal dan ook uit hierdie gesprekke (hoorsê wat die staat sou poog om aan te bied) aandui dat beskuldigde 2 opdrag gegee het aan persone

onder andere aan beskuldigde 1 om Es-Louis Linnert te vermoor. Die staat sou verder poog om hoorsê getuienis met betrekking tot ene Tatie en dan nou Miley aan te bied.

***Verdediging reageer op artikel 150 toespraak***

[16] Advokaat Engelbrecht het namens beide beskuldigdes 1 en 2 aangedui dat hulle beswaar sal maak teen die hoorsê getuienis. Hy het die staat versoek by aanvang van die verrigtinge om kennis te gee voordat hulle sou voortgaan met die hoorsê getuienis (dit is ongelukkig nooit gedoen nie) en dat hy op daardie manier die hoorsê getuienis sou hanteer. Dit was die betoog voordat die verhoor `'n aanvang geneem het.

**BEIDE BESKULDIGDES PLEIT ONSKULDIG**

[17] Die beskuldigdes se pleitverduidelikings is vervat in bewysstukke **"A"** en **"B"** onderskeidelik. Dit blyk daaruit dat hulle as volg gepleit het:

***Beskuldigde 1***

[18] Hy het ontken dat hy saam met beskuldigde 2 saamgesweer het om Es-Louis Linnert te vermoor. Hy het op klagte 2 ontken dat hy die oorledene vermoor het. Hy het dan op klagte 2 gesê "ek plaas op rekord dat betrokke dag tyd van haar dood nie op die toneel was waar sy gedood het nie".

[19] Op klagte 3, dit is nou die poging tot moord op Everlyn Linnert, het hy weer onskuldig gepleit en weer ontken dat hy op die toneel was. Beskuldigde 1 het ook skuld op klagtes 4 en 5 ontken. Hy het voorts ontken dat hy ŉ vuurwapen of ammunisie besit het soos beweer in die akte van beskuldiging.

***Beskuldigde 2***

[20] Beskuldigde 2 het insgelyks ook onskuldig gepleit. Hy het al die elemente soos vervat in klagte 1 ontken. Op klagte 2 het hy ontken dat hy hoegenaamd enige handeling verrig het wat tot Es-Louis Linnert se dood gelei het.

**Erkennings in terme van artikel 220**

[21] Die beskuldigdes het die volgende erkennings ingevolge artikel 220 van Wet 51 van 1977 gemaak:

1. Dat die oorledene in lewe bekend was as Es-Louis Sharonio Linnert.

2. Dat die oorledene dood is op 2 April 2005 te Palmietstraat, Silwood, Eersterivier.

3. Dat die oorledene geen verdere beserings opgedoen het vanaf haar dood totdat `ŉ lykskouing op haar liggaam uitgevoer is nie.

4. Dat Dr. Jacob Johannes Dempers, ŉ spesialis patoloog, op 6 April 2005 ŉ lykskouing op die liggaam

van die oorledene uitgevoer het en sy bevindings in ŉ regsgeneeskundige nadoodse verslag aangeteken het met Doodregister Nommer TDR 576/2005.

5. Dat die inhoud van die regsgeneeskundige nadoodse verslag as juis en korrek erken word.

6. Dat die koeëlpunt tydens die *post mortem* uit die liggaam van die oorledene verwyder is.

7. Dat een koeëlpunt na die ballistiese afdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie geneem was vir forensiese ondersoek.

8. Dat Sersant Nozuko Maureen Lugalo haar bevindinge ten aansien van haar ondersoek na die koeëlpunt in ŉ verklaring beliggaam het. Die verslag was aangeheg as bewysstuk “S2”.

9. Dat die inhoud van bewysstukke as juis en korrek erken word.

10. Dat Konstabel Michael Anthony Mills van die Plaaslike Kriminele Rekord Sentrum van die SA Polisiediens op 2 April 2005 om 21h45 nege (9) foto’s geneem het van die misdaadtoneel geleë te Palmietstraat, Silwood, Eersterivier en in `ŉ fotobundel geplaas is saam met ŉ verklaring en sleutel tot die foto’s.

11. Dat genoemde verklaring, sleutel en foto’s juis en korrek

is en/of ŉ korrekte voorstelling is van dit wat daarop aangedui word en hierby aangeheg word as bewysstukke.

| | | |
|---|---|---|
| Foto's | - | Bewysstuk J1-J9 |
| Plan | _ | Bewysstuk J10 |
| Sleutel | - | Bewysstuk J11 |

12. Konstabel Michael Anthony Mills van die Plaaslike Kriminele Rekord Sentrum van die SA Polisiediens op 2 April 2005 om 22h00 beslag gelê het op `ŉ koeël fragment ("fired bullet jacket") naby die oorledene se kop.

13. Dat genoemde koeël fragment ("fired bullet jacket") na die Ballistiek Eenheid van die SA Polisiediens gestuur was vir ondersoek.

14. Dat Sersant Nozuko Lugalo van die Ballistiek Eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens ŉ ballistiese ondersoek gedoen het met betrekking tot genoemde bewysstukke en haar bevindings aangeteken het in ŉ ballistiese verslag.

15. Dat die Ballistiese verslag as juis en korrek erken word en hierby aangeheg word as Bewysstuk "S1".

16. Konstabel Michael Anthony Mills van die Plaaslike Kriminele Rekord Sentrum van die SA Polisiediens op

25 Mei 2006 verdere foto's van die misdaadtoneel geneem het en 'n fotobundel met verklaring, sleutel en sketsplan opgestel het.

17. Dat genoemde foto's ``n korrekte en juiste voorstelling is wat daarop aangedui word asook dat die verklaring, sketsplan en sleutel juis en korrek is en hierby aangeheg word as bewysstukke.

| | | |
|---|---|---|
| Verklaring | - | Bewysstuk F1 |
| Sleutel | - | Bewysstuk F2 |
| Sketsplan | - | Bewysstuk F3 |
| Foto's | - | Bewysstuk G1-13 |

18. Dat ons regsverteenwoordigers die bewysregtelike implikasies van formele erkennings ingevolge hierdie artikel aan ons verduidelik het en nieteenstaande bereid is om die erkennings formeel te erken nie.

**Die oorsaak van dood**

[22] Doktor Jakob Johannes Dempers, 'n patoloog wie die nadoodse ondersoek op die oorledene uitgevoer het, het die oorsaak van dood as volg beskryf:

a. Veelvuldige skietwonde aan die liggaam.

**GETUIENIS OOR IDENTIFIKASIE EN SAMESWERING**

[23] Hierdie hof moet aan die hand van die getuienis deur die staat aangebied beoordeel of die staat bo redelike twyfel bewys het dat beskuldigde 1 die skut was wie die oorledene asook Linnert geskiet het.

a. Die getuienis van Linnert is deurslaggewend in hierdie verband. Dit is nodig om te besin oor die omstandighede waaronder Linnert die identifikasie gemaak het om te bevind of sodanige identifikasie betroubaar is.

b. Linnert se getuienis moet ook gesien word in die lig van die ander getuienis in hierdie saak afgelê. In die verband is die getuienis van die polisiebeamptes wie op die toneel teenwoording was van belang asook die getuienis van Jeswaine Williams.

**Identifikasie van beskuldigde 1**

[24] Die oogmerk van die opsomming van getuienis gelei tydens die verhoor is nie om 'n letterlike opsomming te verskaf nie, maar ek sal eerder poog om met die getuienis te handel tot die mate wat dit relevant is vir ons bevinding. Ek wil dit egter onomwonde stel dat alle getuienis gelei in hierdie verhoor deeglik deur hierdie hof oorweeg was.

[25] Dit is wel nodig **om** die getuienis van Linnert en Jeswaine William in detail te behandel. Hulle getuienis was opsommenderwys as volg:

***Die getuienis van Everlyn Linnert***

[26] Die getuie het getuig dat sy intussentyd getroud is vandat sy haar verklaring gemaak het en dat sy tans Everlyn Light heet, sy is deurgaans nog as Linnert aangespreek. Sy het getuig dat sy die tante van die oorledene was en dat sy op daardie stadium, dit is nou die getuie self, in Ravensmead gewoon het. Die oorledene en haar ouers het op daardie stadium, dit is nou April 2005, te Geneva Crisis Centre in Eerste Rivier gewoon.

[27] Die getuie het verder aangedui dat beskuldigde 1 reeds aan haar bekend was op 2 April 2005. Sy het hom gewoonlik saam met die oorledene gesien, hulle het dan op die hoek van Bergstraat staan en gesels. Sy het gesê sy het hom so vyf of ses keer voor April 2005 gesien. Sy self het egter nooit met beskuldigde 1 gepraat nie, haar kennis van hom was deur die oorledene. **Sy het beskuldigde 1 as De Bill geken.**

[28] Linnert het verder getuig dat beskuldigde 2 aan haar bekend was omdat sy en haar man gewoonlik bier by sy jaart, waarna sy na as "Potts se jaart" verwys het, gaan drink het. Sy sê hulle het ontelbare kere daarheen gegaan om bier te drink en sê dit was by die blou huis. Sy kon egter nie die straat se naam vir die hof gee nie. Sy het verder getuig dat Gwyneth, die vrou van beskuldigde 2,

ook aan haar bekend was.

[29] Linnert het verder die persoon op die foto, met verwysing na bewysstuk “E”, geïdentifiseer as ene Eendjie. Met betrekking tot Eendjie het die getuie getuig dat Eendjie in Sillwood Heights in Eerste Rivier gewoon het. Sy het getuig dat sy in 2003 by Irefaan de Silva te 22 Waboomstraat gewoon het. Haar getuienis was verder dat Eendjie, gedurende daardie tyd, oorkant haar gewoon het, sy sê “hy bly net oorkant oor die veld”.

[30] Sy het Eendjie gereeld gesien, sy het hom altyd met `’n meisie sien stap die pad op. Sy het hom reeds in 2003 - 2004 as sodanig geken. Sy sê dat sy nooit voor die voorval, (dis nou die dood van die oorledene), met Eendjie ŉ gesprek gevoer het nie behalwe op die dag van die moord. Sy het aangedui dat sy nie weet wat Eendjie se regte naam was nie.

[31] Volgens hierdie getuie het Eendjie en die beskuldigdes mekaar geken. Sy sê wanneer hulle gewoonlik by Potts se jaart, die blou huis, gekuier het staan beskuldigdes 1 en 2 en Eendjie tesame met ander mense en gesels. Dit het volgens haar gewoonlik gegaan oor die (teken) of sign, soos sy dit genoem het, van biere of pille. Haar indruk was dat die persone wie bier en dwelms (pille) op die perseel verkoop het eers toestemming vanaf beskuldigde 2 verkry

het om bier of pille sonder onmiddellike betaling aan iemand te gee.

[32] Die getuie het verder getuig dat volgens haar was die beskuldigdes en hulle groep vriende lede van die Dixie Boys bende. Sy het verder getuig dat sy dit sê omdat wanneer hulle saam gesels, hulle altyd hardop genoem het dat hulle “ons is die Dixie Boys, hulle noem dit harduit”. Sy het verder getuig dat beskuldigde 2 gewoonlik op Sondae sy voertuig gewas het en sy die tatoeëer merke van die Dixie bende op sy liggaam gesien het.

[33] Die getuie kon egter nie vir die hof sê in watter straat die blou huis was nie. Sy het wel gesê dat die huis oorkant die huis is waar haar man se vriend en sy meisie, David Marx en Fieka, gewoon het. Die huis van David Marx en Fieka het sy gesê was op daardie stadium roomkleurig.

[34] Bewysstuk “F1” en 2 is toe ingehandig, dit is foto’s en ŉ plan tot die foto’s, die fotograaf is ene Meneer Mills. Die getuie het foto 8 uitgeken. Die woning daarop is ŉ blou huis en sy het gesê dit is die huis van Garron Potts, beskuldigde 2. Sy het verder foto 9 geïdentifiseer as die huis van David Marx en Fieka. Sy het aangedui dat David Marx en Fieka gedurende 2003 in die woning, soos gesien kan word in foto 9 en 10, gewoon het. Sy het aangedui dat David biere en Fieka pille verkoop het. Op ŉ vraag van die

aanklaer het sy aangedui dat die pille by die cream huis verkoop was. Die bier was dan deur David Marx by die blou huis verkoop.

[35] Die getuie het aangedui dat volgens haar het beskuldigde 1 en Eendjie nie gewerk nie, hoewel Eendjie soms beskuldigde 2 se vrou met los werk in die huis gehelp het. Volgens haar was daar dwelms, pille noem sy dit, verkoop vanaf beskuldigde 2 se woning. Sy sê die persoon wie die dwelms verkoop het, sy ken nie sy naam nie, net sy gesig, het altyd net so buite die perseel van Potts die pille verkoop, die ander het dan op die hoeke gestaan. Sy kan nie sê wie die leier van die Dixie Boys was nie, maar wat sy wel weet was dat hulle altyd aan beskuldigde 2, Garron Potts, kom rapporteer het aangaande die biere en pille.

[36] Die getuie het verder getuig dat op Saterdag 2 April 2005 het sy die oggend na haar suster se woning gegaan, dit is nou die moeder van die oorledene, om haar kinders, wie vir die Paasnaweek by hulle tante gekuier het, te gaan haal. Daar aangekom het sy die oorledene tuis gevind. Sy en die oorledene is daarna na Tap se jaart, dit is `'n plek waar daar bier gedrink en pool geskiet word. Sy sê dit is die straat agter die woning van beskuldigde 2, hoewel sy nie seker van die naam was nie. Sy het gesê dat hulle ongeveer 16h00 by Tap se jaart aangekom het.

[37] Hulle het twee gratis biere vanaf die kroegman ontvang, hy was ŉ vriend van die oorledene. Sy het nie die naam van die kroegman geken nie. Sy het aangedui dat hulle toe pool geskiet en bier gedrink het. Later het Eendjie daar aangekom en nog later beskuldigde 1. Linnert het beskuldigde 1 as De Bill geken.

[38] Beskuldigde 1, of De Bill soos sy hom genoem het, het met iemand gesels. Sy sê Eendjie het `ŉ gesprek met haar probeer aanknoop maar sy het hom verwilder. Met betrekking tot Eendjie se kleredrag het sy gesê dat: "Eendjie het ŉ fleecy hooded top aangehad, met ander woorde ŉ fleece top met ŉ kappie". Sy het verder verduidelik dat hierdie top, dit is nou van Eendjie, bont was, grys met bruin strepe. Sy het verder getuig dat Eendjie ŉ swart jeans aangehad het, maar sy kon nie die tipe skoene onthou nie.

[39] Wat beskuldigde 1 aanbetref het sy getuig dat hy `ŉ swart trui met wit en vaal strepe aangehad het en `ŉ swart broek.

[40] Die getuie het verder getuig dat ene Fabian ook by Tap se jaart was, sy het Fabian al by die blou huis gesien. Sy sê dat hulle, sy en die oorledene, so tussen half sewe en sewe uur Tap se perseel verlaat het. Beskuldigde 1 en Eendjie was nog by Taps se jaart toe hulle daar weg is.

Hulle is te voet daar weg en het na Irefaan de Silva (na hom word in hierdie uitspraak as Faan en Fanie asook Irefaan verwys, dit was die posisie gedurende die verhoor) se woning te 22 Waboomstraat gegaan.

[41] Bewysstuk "H" is toe ingehandig, dit is 'n kaart van die area waar die voorval plaasgevind het. Op die kaart het die getuie 'n veld in die middel van die area geïdentifiseer. Net links van die veld het sy Waboomstraat geïdentifiseer, dit loop met 'n draai om in Palmietstraat uit en om tot in Bredestraat. Sy het nommer 22, dis nou 22 Waboomstraat geïdentifiseer as die perseel aan die linkerkant van die veld waar Irefaan op daardie stadium sou gewoon het.

[42] Hulle het omtrent 15 minute gestap, by Faan aangekom en daar het syself, Faan en die oorledene in die voorkamer gesit en gesels. Sy sê die deur was oop gewees en sy weet nie of Eendjie en beskuldigde 1 hulle agterna gesit het toe hulle van Tap se jaart af weg is nie.

[43] Die getuie het verder verduidelik dat sy op 'n stadium vir Irefaan gevra het hoe laat dit was. Sy sê Fanie het ingegaan en terug gekom en vir haar gesê dat dit 20h00 was. Kort daarna het sy `'n klop aan die deur gehoor en dit was Eendjie, sy weet dat dit Eendjie was want sy het sy gesig in die lig gesien. Eendjie en die oorledene het met mekaar `'n gesprek gevoer, daarna is Eendjie daar weg en

sy en die oorledene het na laasgenoemde se huis toe gestap.

[44] Sy het verduidelik dat hulle met verwysing na bewysstuk “A”, dit is die padkaart, dat hulle gestap het vanaf nommer 22 in die rigting van Palmietstraat, hulle het aan die kant van Fanie se huis geloop en sy het aangedui dat die huis langsaan Fanie, nommer 24 was. Terwyl hulle in Palmietstraat stap het sy twee figure in die teenoorgestelde rigting in Palmietstraat sien aankom.

[45] Sy het verduidelik dat die twee figure vanaf Bergstraat se kant gekom het. Sy sê hulle het amper skuins oor die veld gekom. Terwyl die figure aankom het sy en die oorledene aanhou loop. Die getuie het verder verduidelik dat die twee figure besig was om oor die veld te stap, een van die figure het toe oorgekom tot waar hulle , Linnert en die oorledene, in Palmietstraat was. Sy sê sy was onder die indruk dat dit iemand was wie dalk ŉ sigaret wou aansteek aangesien sy en die oorledene besig was om te rook.

[46] Sy het verder getuig dat die persoon hulle van agter af genader het terwyl die ander persoon by die paal op die hoek van Waboomstraat by die veld bly staan het. Sy het verder gemerk op die foto, dit is nou bewysstuk “H” voor die hof, het sy “X1” gemerk, as die paal waar die ander persoon sou bly staan het. Sy sê dit is eers toe die

persoon by haar kom dat sy sien hy haal "'n gun voor by sy broek uit" Sy sê hy kom toe verby haar, op daardie stadium het die getuie gewys dat die persoon sy hand oor haar regter skouer sou gebring het. Sy sê dat die oorledene het toe langs haar gestaan.

[47] Die aanvaller het toe verby Linnert gekom en het die wapen in die rigting van die oorledene gerig. Haar getuienis was: (ek haal aan)

*"dit is die tyd toe ek hom stoot en ek kyk binne in sy gesig. Die tyd wat ek hom stoot, dit is ook die tyd wat die skoot afgaan",*

[48] Linnert het toe hulle aanvaller geïdentifiseer as beskuldigde 1. Dit is dan nou dieselfde tyd wat sy hom sien, die vuurwapen uithaal, hy die vuurwapen oor bring, sy hom stoot, hy in haar gesig kyk en op dieselfde tyd gaan die wapen af. Ek gaan terug kom na hierdie aspek van haar getuienis.

[49] Sy sê die skoot het haar in die nek getref en dat sy bo-op die oorledene geval het, in 'n poging om laasgenoemde te beskerm. Sy sê dat beskuldigde 1 haar toe van die oorledene afgetrek het:

*"hy ruk my van haar af eenkant toe en toe gaan daar nog 'n skoot af". Haar getuienis is verder "ek skreeu vark ek het jou gesig gesien en ek hardloop".*

[50] Die getuie het getuig dat sy daarna weggehardloop het in die rigting van Fanie se huis. Onderweg daarheen het daar nog skote afgegaan, ongeveer vyf of ses, sy was nie seker daaroor nie.

[51] Sy het herhaal dat sy beskuldigde 1 se gesig gesien het op die stadium toe hy by haar kom en sy hom weg stoot. Sy het verder gesê dat dit ongeveer 20h15 was toe hierdie voorval plaasgevind het. Sy sê dit was aand gewees, dat daar ‘n warm wind gewaai het en dat die maan geskyn het. Sy bevestig dat dit alreeds donker was maar het getuig dat daar baie buiteligte gebrand het van die huise in die straat asook die straatligte.

[52] Sy sê verder dat sy ongeveer drie sekondes gehad het om na die persoon met die vuurwapen te kyk, dat sy hom binne-in sy gesig gekyk het en sy daardie persoon as beskuldigde 1 herken het.

[53] Linnert het getuig dat beskuldigde 1 ten tyde van die skietvoorval nog steeds die “swart tracksuit” broek van vroeër die aand aangehad het. Hoewel sy seker was dat hy swart aangehad het was sy nie seker van die res van sy kleredrag nie. Sy gaan dan verder en sê hy het `’n mussie op sy kop gehad. Hierdie mussie was tot by beskuldigde 1 se wenkbroue getrek. Sy het die vuurwapen as swart beskryf. Toe sy by Faan se woning terugkom het sy

geskreeu:

*“Fanie ek en Es-Louis is geskiet”.*

[54] Nadat sy Faan versoek het om die ambulans en die polisie te bel, het sy teruggegaan na die oorledene. Sy het die persoon wie sy beskryf as De Bill, beskuldigde 1, in `ŉ gebukkende posisie oor die oorledene gesien toe sy om die hoek van die huis geloer het. Terselfdetyd het die²2121€soon wie by die paal bly staan het nou ook oor Palmietstraat gehardloop tot waar die oorledene en beskuldigde 1 was. Toe hy by hulle aansluit het die twee van hulle, dit is nou die persoon **wie** by die paal gestaan het, sy het daardie persoon op daardie stadium reeds geïdentifiseer as Eendjie, want sy sê sy het hom herken aan die hooded fleece top wat sy hom vroeër die dag sien dra het en sy sê hy het tekkies aangehad. Die twee, dis nou beskuldigde 1 en Eendjie, hardloop toe in Palmietstraat af tot op die hoek van Berg- en Palmietstraat waar hulle by ŉ ander groep aangesluit het. Op daardie stadium is die vuurwapen aan ander persone oorhandig. Die groep het toe in twee verdeel en het in verskillende rigtings gehardloop. Sy kon nie sê in watter rigting beskuldigde 1 en Eendjie gehardloop het nie.

[55] Die getuie het verder verduidelik dat toe sy op die toneel kom, sy die oorledene daar sien lê het, sy het gesien dat

sy beseer was, daar het bloed by haar kop uitgekom *en sy het vir haar gesê "moet nie bekommerd nie, ek weet wie dit gedoen* het".

[56] Terwyl sy by die oorledene was het 'n persoon wie sy net ken as Mechanic en wie in 'n huis daar naby woon, uitgekom en sy het hom ook gevra om die polisie te bel. Terwyl hy op sy telefoon besig was het sy in die rigting van Geneva Huis gehardloop, dis nou waar die oorledene en haar ouers op daardie stadium gewoon het. Sy het die oorledene se pa voor by die perseel gekry en aan hom gesê dat sy en die oorledene geskiet is. Es-Louis se vader, Antonio Samuels, het daarop voor haar uitgehardloop na die toneel toe.

[57] Linnert self is na die toneel teruggeneem deur iemand **wie** sy die pastoor noem. Die pastoor het, volgens haar, ook op die perseel te Geneva Huis gewoon. Sy het twee polisiebeamptes, die ambulans asook die oorledene se pa op die toneel aangetref. Oor haar eie toestand sê die getuie dat die wond aan haar nek gebloei het, sy was geskok en sy het bietjie lomerig gevoel. Sy het direk in die ambulans geklim waar sy met een van die polisiebeamptes gepraat het, hy het haar gevra wie haar en Es-Louis geskiet het, en sy het vir hom gesê:

*"ek het vir hom gesê die persoon se naam is De Bill en*

*daardie De Bill is wat ons geskiet het".*

[58] Sy sê sy het nie met die ander polisiebeampte op die toneel gepraat nie en sy weet nie waar hy was toe sy met die polisiebeampte binne-in die ambulans gepraat het nie.

[59] Sy het verder getuig dat nadat sy met die polisiebeampte in die ambulans gepraat het, hulle haar vir behandeling by die daghospitaal te Eersterivier kliniek geneem het. Daar is haar wond verbind en is sy verwys na Tygerberg Hospitaal. Die polisie het haar wel Tygerberg Hospitaal toe geneem waar sy verder behandel is, daar x-trale geneem is en haar wond toe skoongemaak is.

[60] Sy sê ook vir die hof dat sy nog dieselfde aand na Kuilsrivier- en Kleinvlei polisiestasie toe is. By Kleinvlei-polisiestasie het sy met 'n Meneer Hammerse (**Hammerse**) gepraat en sy het toe vir hom die name Eendjie en De Bill gegee as die persone wie die misdaad teenoor haar en die oorledene sou gepleeg het. Sy sê dat sy nie met die oorledene se ouers gepraat het nie.

[61] Op 21 April het Linnert, tydens 'n formele uitkenningsparade, beskuldigde 1 en Eendjie uitgeken as die persone wie haar en die oorledene in Palmietstraat genader het. Met aanvang van die verhoor was Eendjie reeds oorlede. Meneer Matthewson, namens beskuldigde 1, het op daardie stadium aangedui dat die

identiteitsparade nie aangeval word nie.

[62] In terme van artikel 220 is die korrektheid van die prosedure, gevolg tydens die parade, erken. Verder is as bewysstuk "K" ingehandig die "SAP 329" deur Kaptein Unnis, wie in beheer van die parade was voltooi, en is die korrektheid daarvan erken.

***Kruisondervraging deur Meneer Matthewson***

[63] Die getuie het bevestig dat sy twee verklarings gemaak het, sy het bevestig dat sy beide verklarings deurgelees het en dat daar veranderings aan die tweede een aangebring is voordat sy dit geteken het en dit dan nou beëdig was. Die tweede verklaring, bevestig sy, is gemaak as gevolg van gebreke wat sy in die eerste verklaring opgemerk het.

[64] Die getuie bevestig dat sy en die oorledene by Tap se taverne aangekom het en dat hulle sonder betaling twee 750ml kwart biere van die kroegman ontvang het. Terwyl hulle by die taverne was het Eendjie daar aangekom.

[65] Sy sê verder dat Eendjie na haar toe gekom het en haar gevra het: "het jy die persoon gesien wie met my tik weggehardloop het?". Sy het hom afgejak en gesê: "ek het nie lus vir julle tipes nie". Alhoewel hulle mekaar geken het en Eendjie en haar man vriende was, het sy getuig dat dit die enigste geleentheid was waarop sy met hom

gepraat het.

[66] Die getuie het verder getuig dat sy nie bekend was met die straatname in die area nie, verwysend na Waboom- en Palmietstraat. Verwysing na straat name in haar getuienis in hoof was gedoen aan die hand van die padkaart behalwe die verwysing na Waboomstraat, dié het sy geken omdat Irefaan daar gewoon het. Opvallend sê die getuie dat die naam Palmietstraat aan haar onbekend was.

[67] Met verwysing na bewysstuk "H" het die getuie bevestig dat die "X" wat sy op die kaart aangebring het die lamppaal was waar die persoon bly staan het, verwysend na een van die twee figure wie haar en die oorledene genader het.

[68] Die getuie het bevestig dat sy en die oorledene in die regterkant van Plamietstraat opgestap het en dat die twee figure, dit is nou in die rigting van Bergstraat en die ander twee figure in die rigting van Tap se taverne in die straat teenoor hulle gestap het. Hulle het bymekaar in Plamietstraat verby gestap.

[69] Die getuie het verder as volg getuig:

> *"dit is korrek om te sê dat die twee figure gestap het tot by die paaltjie, een het daar agter gebly nadat hulle oor die veld gestap het en die ander*

> *persoon het haar en die oorledene van agter af genader".*

[70] Die getuie het bevestig dat een van hierdie twee figure haar en die oorledene van agter genader het. Sy sê die persoon het van agter gekom, sy hand voor by sy broek ingedruk en sy het gedink hy wil 'n sigaret aansteek, maar dit was 'n vuurwapen, dié wapen het hy voor haar kennebak verbygesteek in die rigting van die oorledene. Dis op daardie stadium dat sy hom weggestoot het toe die skoot afgaan. Sy het in die hof gedemonstreer hoe sy die persoon weggestoot het, sy het beduie dat sy albei haar hande vorentoe om hoog gehou het, met ander woorde die indruk is geskep dat die aanvaller langer as sy was.

[71] Die getuie het verder gesê dat sy 'n beskrywing van beskuldigde 1 sou kon gee. Sy het `n beskrywing van hom in die hof gegee. Sy het verder gesê dat sy nooit deur die polisie vir `n beskrywing van beskuldigde 1 gevra is nie, sy is net vir `n naam gevra en as iemand sê dat hulle vir `n beskrywing gevra het sal dit verkeerd wees.

[72] Beskuldigde 1 se verweer is as volg aan die getuie gestel:

> *"beskuldigde 1 sê hy was nie daar nie, hy was op daardie stadium besig om items af te lewer en dit was onder andere by nommer 8 Royalstraat".*

[73] Sy het voorts getuig dat sy nooit vir die polisie gesê het

watter kleredrag die aanvallers, dit is nou beskuldigde 1 en Eendjie aangehad het nie, hoewel sy in staat was om `n gedetailleerde beskrywing van hulle kleredrag te gee.

[74] Dit is aan die getuie gestel dat sy aan Mevrou Klaasen, die eienarres van die perseel te Geneva Huis, sou gesê het dat die oorledene geskiet is deur jongens op `n bakkie. Sy het ontken dat sy so iets gesê het, sy ook het ook ontken dat skote vanaf ‘n bakkie gevuur was.

[75] Die getuie getuig dat sy Eendjie op die toneel herken het aan “die top” wat hy aangehad het. Dit het sy waargeneem toe sy terug na die toneel gehardloop het vanaf Faan se plek. Sy bevestig dat sy nooit Eendjie se gesig op die toneel gesien het nie.

[76] Dit is toe aan die getuie gestel dat op die punt waar sy sê daar ‘n lampaal was waar een van die figure dan nou agter sou gebly het, daar geen sodanige paal was nie. Linnert het voet by stuk gehou dat daar wel `n paal was.

[77] Die getuie het verder aangedui dat sy in haar sleutelbeen aan die regterkant geskiet was. Sy het getuig:

*“die aanvaller het reg voor my gestaan en toe hy die voorwerp voor my gesig verby bring en ek hom stamp was hy voor haar”.*

[78] Die getuie was gekonfronteer met haar polisieverklarings,

die eerste een, waarin sy gesê het dat sy en Es-Louis in Wit Els Straat gestap het. Sy het erken dat dit verkeerd was en dat hulle eintlik in Palmietstraat gestap het. Die getuie is verder gekonfronteer met die verklaring en het erken dat die bewering, dat die aanvallers haar en die oorledene van voor genader het verkeerd was en dat hulle eintlik van die kant af gekom het.

[79] In stryd met haar getuienis in hoof het Linnert in kruisondervraging getuig dat die vuurwapen nie verby haar mond en kennebak gerig was nie.

[80] Die getuie het getuig dat dit die aand volmaan was en dat daar ‘n warm wind gewaai het. In kruisondervraging is sy daaroor gekonfronteer. Sy het voet by stuk gehou dat dit volmaan was en dat daar ‘n warm wind gewaai het. Sy sê sy het dit nog met die oorledene bespreek. Dit is toe aan haar gestel dat volgens die maankalender dit nie volmaan was nie maar dat dit donkermaan was, sy het egter voet by stuk gehou dat dit daardie aand volmaan was.

***Kruisondervraging deur adv Engelbrecht***

[81] Sy het ontken dat sy ooit vir Faan gesê het dat die oorledene deur De Bill of Pearl geskiet was.

[82] Dit is aan die getuie gestel dat die bier wat by die taverne verkoop word nie beskuldigde 2 se bier was nie. Sy het voet by stuk gehou dat die bier namens beskuldigde 2 daar

verkoop word.

***Herondervraging deur adv Badenhorst***

[83] Die getuie het aangedui dat sy nie vir Miley ken nie, maar dat sy van hom gehoor het. Sy bevestig dat volgens haar beskuldigde 2 by die blou huis drank verkoop. Sy sê nie dat hyself bier verkoop het nie maar in 2003 het ‘n persoon genaamd David Marx bier namens hom verkoop. Beskuldigde 2 se vrou het later bier namens hom verkoop.

[84] Die getuie het verder getuig dat sy by haar man gehoor het van ‘n persoon met die naam van De Bull en dat daardie persoon saam met haar man in Boystown was. Sy sê sy het nie die persoon geken nie en sy het nooit daardie naam ooit by beskuldigde 2 se plek gehoor nie, dit is nou by die blou huis.

**Die getuienis van Jeswaine Williams**

[85] By aanvang van die getuienis van Jeswaine Daniel Williams (**Williams**) het advokaat Bardenhorst, vir die staat, aangedui dat die staat beoog om hoorsê getuienis deur die getuie aan te bied. Op versoek van die staat is Williams gewaarsku van die bepalings van artikel 204 van die Strafproseswet. Die misdryf waaraan Williams homself skuldig kon maak was die van handeldryf in dwelms, dit is `n oortreding van artikel 5(a) en/of 5(b) van Wet 140 van 1992, dit is besit en/of handeldryf in dwelms. In getuienis

in hoof het Williams soos volg getuig.

[86] Hy het groot geword in die Eersterivier area, en het beskuldigde 2 in 2004 ontmoet. Op daardie stadium was hy self ‘n taxi bestuurder en ‘n ex-lid van die Hard Living bende. Hy is aan beskuldigde 2 voorgestel deur ‘n gemeenskaplike vriend, dit was op Valentynsdag (14 Februarie 2004).

[87] Hy het beskuldigde 2 na ‘n winkelsentrum geneem waar daar geskenke vir sy meisies gekoop is, in lyn met die gebruik op Valentynsdag. Volgens Williams het hy en beskuldigde 2 daarna vriende geword. Hy het steeds voort gegaan met taxi bestuur. Op ‘n latere stadium het Williams probleme opgetel met een van sy vriendinne se pa. Die kwaai pa wou nie dat sy dogter met ‘n taxi bestuurder meng nie, sy was op daardie stadium nog op skool. Williams het toe na beskuldigde 2 gegaan vir advies.

[88] Beskuldigde 2 het toe voorgestel dat Williams sy werk as taxi bestuurder los en vir hom begin werk. Die werk wat beskuldigde 2 Williams aangebied het was die werk van bestuurder. Williams het in beskuldigde 2 se diens getree en terselfdertyd het hy ook gaan inwoon by nommer 8 Riviersonderendstraat in Eersterivier. Dit is die geel huis waarna verwys is tydens die skets van Linnert se getuienis, die huis oorkant die woning van beskuldigde 2.

Volgens Williams is die verhouding met die meisie kort na sy intrek in die geel huis beëindig.

*{Beskuldigde 2 het bevestig dat Williams by die geel huis ingetrek het. Hy het egter beweer dat dit 'n ooreenkoms tussen Williams en Miley was. Ek keer na hierdie aspek terug. Beskuldigde 2 het ontken dat Williams ooit in sy diens was}*

[89] Volgens Williams het sy werk as bestuurder vir beskuldigde 2 behels dat hy aflewerings van bier en dwelms doen asook algemene bestuurderswerk. Williams het verduidelik dat hulle twee bestuurders was, wie elk 'n maand aan diens en die daaropvolgende maand van diens af was.

[90] Williams het verduidelik dat daar bendelede by die geel huis gewoon het. Hy het aangedui dat Jonathan Tait, alias Tatie, by die huis gewoon het asook Ismail Gamieldien, Miley, ene Spaghetti en dan beskuldigde 1. Williams het beskuldigde 1 geken as De Bill. Verder het hy verduidelik dat Smiley ook by die huis gewoon het asook ander persone wie se name hy nie kon onthou nie.

[91] Die getuie het Eendjie uitgeken op bewysstuk "P" en getuig dat hy Eendjie geken en dat Eendjie ook deel van die Dixie bende was. Eendjie het nie by die geel huis gewoon nie, hy het in 'n wit huis in Electric City gewoon.

Hy het Eendjie se bewegings as volg beskryf:

*"en hy het ook mandrax gerook en tik en as hy daar kom dan kom kry hy net sy goedjies en dan gaan hy weer".*

[92] Die getuie het verduidelik dat sommige van die geel huis se inwoners lede van die Dixie Boy bende was. Hy sê op die stadium toe hy taxi bestuur het, het hy hulle leer ken as Dixie Boys. Volgens Williams was die bende assosiasie van die geel huis bewoners al om bekend in die area. Williams het getuig dat sommige inwoners van die geel huis tatoeërmerke van die Dixie Boy bende gehad het en dat die huis bedryf was soos in die tronk, want "dit was `n huis vol tronkbendes".

[93] Dan sê hy verder dat Tatie 'n Dixie Boys tattoeërmerk op hom gehad het, Miley nie, Smiley het wel, Miley het 'n Nice Time tatoeërmerk op hom gehad, van Smiley sê hy, dié was 'n lid van die 26 bende, Miley sê hy was 'n lid van die 27 bende en Spaghetti 'n lid van die 28 bende. Williams het die inligting van die tatoeërmerke op hulle liggame bekom.

[94] Volgens Williams was dwelms, naamlik mandrax, vanaf die geel huis verkoop. Hy het verduidelik dat elke persoon `n beurt gehad het om dwelms te verkoop. Hy sê die persoon wie dwelms verkoop sou altyd 'n "moonbag" dra en die dwelms sou daaruit verkoop word.

[95] Volgens Williams was beskuldigde 2 die leier van die Dixie Boys bende. Dit, volgens Williams, was algemene kennis. Volgens Williams het almal opdragte vanaf beskuldigde 2 uitgevoer. Williams self het aan Miley gerapporteer, laasgenoemde was in beheer van die aktiwiteite in die geel huis. Miley het op sy beurt weer aan beskuldigde 2 gerapporteer. Williams het R800.00 per maand verdien en het op ‘n stadium ook tik verkoop.

[96] Williams het verduidelik dat die geel huis uit twee slaapkamers en een kombuis bestaan. Williams het getuig: “daar was net die basics in die huis gewees”. Miley het in die een kamer geslaap en die res van hulle het die ander kamer gedeel.

[97] **Williams het die aktiwiteite in die huis verder as volg beskryf:**

*“Die wat geslaap het het in die kamer geslaap en die ander wat nie geslaap het nie het getik en heel aand wakker gewees.”*

[98] Williams het getuig dat hy die Saterdag teenwoordig was toe Kaptein Bailey vir beskuldigde 2 op ‘n aanklag van verkragting gearresteer het. Williams se weergawe van die arrestasie was as volg:

*‘ Bailey het gesê:*

*"Garron Potts ek arresteer jou op die klagte van verkragting",*

*Beskuldigde 2 het gereageer deur te verneem na watter saak Bailey verwys. Waarop Bailey aangedui het dat Essie die klaagster was. Beskuldigde 2 het as volg gereageer:*

*"maar dit is 'n ou saak en sy geld het klaar betaal vir die saak."'*

[99] Volgens Williams was die oorledene en die perseel te Geneva Crisis Centre in Eersterivier aan hom onbekend voor die arrestasie.

[100] Williams het getuig dat die dwelm handel nog steeds voortgegaan het na die arrestasie van beskuldigde 2, wie se vrou en kinders hom op dié Sondag besoek het. Beskuldigde 2 was die daaropvolgende Maandag op borg vrygelaat.

[101] Volgens Williams het beskuldigde 2, na sy vrylating, direk na die geel huis gegaan en met Miley in sy kamer gaan praat. Daarna het beskuldigde 2 uitgekom en in `n harde stem gesê:

*"hy het gesê hy gaan daardie teef laat vrek skiet, want hy kan nie weer geld uithaal vir so 'n ou saak nie, Miley het ingestem om te sê salute". (Die sameswering klagte het sy oorspong in hierdie gesprek, ek behandel die aspek in*

*detail later)*

[102] Williams het verduidelik dat die term 'salute' deur tronkbendes gebruik word. Die getuie het verder verduidelik dat toe beskuldigde 2 sê hy gaan die teef laat vrek skiet hy nie geweet het na wie beskuldigde 2 verwys nie.

[103] Die getuie het verder getuig dat toe beskuldigde 2 daardie woorde uiter hy baie ontsteld en kwaad was. Hy kon dit sien aan die uitdrukking en die manier waarop beskuldigde 2 die woorde geuiter het. Hy sê hy het beskuldigde 2 goed geken in daardie stadium. Hy sê Miley het daardie uitlating nie as 'n grap beskou nie. Op daardie stadium was Smiley, beskuldigde 2, Miley en Taboer teenwoordig. Hy sê daar was nog ander bendelede in die huis wie se name hom ontgaan het. Williams kon ook nie onthou of beskuldigde 1 teenwoordig was nie.

[104] Op 'n vraag van die staatsadvokaat wat bedoel was met "ek het klaar geld uitgegee om die saak te laat staan" het die getuie soos volg geantwoord:

*"die Maandag oggend was ek en Miley gestuur Delft Polisiestasie toe om geld weg te gaan neem", hy was gevra "wie het julle gestuur" en sy antwoord was"deur beskuldigde 2 se vrou".*

*Die getuie het verder verduidelik dat Miley 'tussen R400*

*en R500 gehad het', toe na die polisie stasie te Delt vertrek het. Daarbenewens het Miley het ook een van die getuie se 'goue kettings' by hom geneem en het daarna die aanklagte kantoor binnegegaan. Miley het teruggekeer sonder die geld en die goue hangertjie.*

[105] Williams getuig dat twee dae nadat beskuldigde 2 met Miley hierdie reëling getref het, dit was op 'n Woensdag, beskuldigde 2 aangekom en vir Miley gesê het dat hulle na Delft moet gaan. Miley het Williams eers beveel om vir Ille te gaan haal welke opdrag hy uitgevoer het. Volgens Williams was Ille `n skoolseun in die omgewing. Nadat Ille met Miley gepraat het, het eersgenoende uitgegaan en later teruggekom met 'n 9mm rewolver.

[106] Williams het verduidelik dat Miley in besit van die vuurwapen was toe hulle, Williams, Smiley en Miley, na Delft vertrek het. Hulle het besoek by ene Angelo te Delft afgelê. Oor die opdrag om na Delft te gaan het Williams as volg verduidelik:

*"nee Miley het net vir my gesê ek moet die bakkie kry, ons moet ry", hy het nie spesifiek geweet waarheen hulle gaan nie. **(Williams is in kruis ondervraging hieroor sterk aangeval).***

[107] Williams het verder getuig dat hulle by Angelo se woning te Delt gaan stop het. Angelo was aan hom, Williams,

onbekend maar Williams het sy naam afgelei uit die gespreke te Delft. Hy sê toe hulle voor Angelo se huis gestop het, het daar `n wit Opel gewag. Miley het die 9 mm pistool aan die bestuurder van die Opel oorhandig. Die persoon is daar weg en het 'n halfuur later teruggekeer in 'n wit Volkswagen Jetta, en het 'n .357 rewolver aan Miley oorhandig. Hy sê dit het gelyk soos 'n nuwe rewolwer en ammunisie. Hy sê dit was 'n vuurwapen met "'n spinning barrel".

[108] Die getuie het verduidelik dat hy weet hoe 'n .357 rewolwer lyk, hy kon egter nie verduidelik hoekom hy sê dat daardie wapen wat Miley van die bestuurder gekry het dié tipe wapen was nie. Hy verduidelik dat die vuurwapen swart van kleur was, hy sê dit het "hollow points" gehad. Williams verduidelik dat die patrone voor plat was en dat dit 'soos gewone koeëls gelyk het met braas doppies', hy sê die punt was grys. Hy sê Miley het `n kous oor sy hand getrek, die vuurwapen gelaai en dit in sy kous gedruk. Terug by die geel huis het Miley die vuurwapen aan Smiley oorhandig.

[109] Vervolgens het Williams verduidelik dat Angelo ook `n lid van die Dixie bende was. Hy sê dat nadat hulle van Angelo se huis teruggekom het, Miley die vuurwapen vir beskuldigde 2 gewys het. Beskuldigde 2 het toe die vuurwapen vir Smiley gegee en hy sê, en ek haal Williams

aan: "sy woorde was aan Smiley die volgende dag moet hy vir haar gaan inwag en die job klaar maak". Hy sê Smiley het die vuurwapen gevat, toegedraai in 'n ou T-hemp en toe is hy weg met die vuurwapen.

[110] Williams het verduidelik dat beskuldigde 2 en Smiley baie goed oor die weg gekom het. Hy sê beskuldigde 2 het altyd gespog met 'wat Smiley kan doen as daar 'n vuurwapen in sy hand geplaas word'. Vervolgens het hy verduidelik dat Smiley ook vir beskuldigde 2 dwelms verkoop het.

[111] Hy het verduidelik dat dit in die aand was toe Smiley met die vuurwapen daar weg is. Hy bevestig dat hy die aand in die geel huis geslaap het en sê dat Smiley die volgende oggend daar aangekom het. Die opdrag van beskuldigde 2 was nie uitgevoer nie. Miley het nadat Smiley die rapport gemaak het vir beskuldigde 2 ontbied. Beskuldigde 2 het daarna by die geel huis opgedaag en Miley het die volgende aan beskuldigde 2 gerapporteer: "my broer Smiley het nie daardie goose gekry nie". Na bewering was beskuldigde 2 ontsteld oor die nuus. Daarna het Miley die vuurwapen gaan wegsteek.

[112] Williams het vervolgens verduidelik dat ene Zuaar, 'n vriend van beskuldigde 2, daar was. Zuaar het in die Strand gewoon en daar met dwelms handel gedryf. Op `n

stadium het Williams met verlof by Zuaar gaan woon. Hy sê hy het twee dae by Zuaar gaan woon en toe hy die Vrydag daar weg is het hy nie na die geel huis teruggekeer nie. Hy het toe by ‘n vriend in Eersterivier gaan woon. Hy sê hy het nie vir Zuaar, of Miley, of beskuldigde 2 in kennis gestel van sy voorneme om Zuaar se perseel te verlaat en na Eerste Rivier te verhuis nie, omdat hy van diefstal beskuldig was.

[113] Hy het verder verduidelik dat Miley en die ander manne hom op Saterdag te Eerste Rivier gaan haal het en hom teruggeneem het na Zuaar se perseel. Later, dieselfde dag, dit was reeds donker, het beskuldigde 2, Spaghetti en ‘n meisie ook by Zuaar opgedaag. Hy het vervolgens verduidelik dat toe beskuldigde 2 by hulle aansluit was hyself, Miley, dié se meisie en Smiley asook Zuaar se manne reeds daar. Beskuldigde 2 wou van Zuaar weet of die reëlings getref is.

[114] Hy het verder oor die Saterdagaand getuig dat beskuldigde 2 en sy gevolg na die Van Riebeek Hotel gegaan het. Hy het vir beskuldigde 2 later by die Van Riebeek Hotel gesien toe hy en een van Zuaar se manne kos afgelewer het. In die hotel teenwoordig was beskuldigde 2, die meisie, Smiley, Miley, Zuaar en Spaghetti. Hy sê dat die groep besig was om te tik en kuier toe hulle laat die aand, ongeveer 24h00, kos afgelewer het.

[115] Die volgende oggend het Miley en Zuaar Williams teruggeneem na die die geel huis. Hulle het kort voor 12h00 by die geel huis aangekom waar Tatie besig was om te smokkel. Williams het dit afgelei omdat Tatie die sakkie, dit is nou die moonbag, om sy lyf gehad het waaruit dwelms gewoontlik verkoop was.

[116] Vervolgens het die getuie verduidelik dat beskuldigde 2 later uit die slaap uit opgestaan het, oorgekom het na die geel huis en vir Tatie gevra het: “my broer hoekom smokkel jy” waarop Tatie geantwoord het ‘Faan het gister aand gaan mang (dit beteken dat hy die vorige aand gearresteer was)’. Beskuldigde 2 sou dan verder gevra het, “en daai twee broerse Taboer en Eendjie het hulle die nommer gedala wat vir hulle gegee was om te dala”, waarop Tatie dan geantwoord het, “salute die nommer is gedala” (*oor hierdie aspek was Williams indringend gekruisondervra, ek behandel dit later*).

[117] Beskuldigde 2 sou ook as volg gesê het “en Tabull en Eendjie hoef nie te worry nie, want sy kontakte sal hulle uitkry”. Williams het getuig dat beskuldigde 2 gereageer het op Tatie se mededeling dat ‘die nommer gedala is’ deur te sê ‘salute’ en het tevrede gelyk waarna hy in die sitkamer van die geel huis gaan sit het.

[118] Hy het vervolgens verduidelik die woord mang beteken

arresteer en dala beteken doen. Hy het verduidelik dat hy die woorde as volg verstaan omdat hyself uit 'n bendeopset kom. Williams het in die kamer by Miley en Zuaar gaan sit. Daar het hy verneem van die moord op die oorledene. Hy sê dit was die Sondag nadat hulle vanaf die Strand gekom het.

[119] Williams het verduidelik dat hy laat daardie Sondag die geel huis verlaat het en by 'n vriend, wie se vader destyds 'n polisiebeampte was, gaan woon het omdat hy vir sy lewe gevrees het. Die polisiebeampte het hom in kontak met ander polisiebeamptes gestel waarna hy op 22 April 2005 `n getuie verklaring, Z1, afgelê het. Hy is daarna in die getuiebeskermingsprogram opgeneem.

[120] Williams was reeds 3 jaar in die program toe hy getuig het. Williams het verder verduidelik dat die persoon na wie hy verwys het as Tatie in werklikheid Jonathan Tait was, maar dat hierdie persoon intussentyd gesterf het. Die doodsertifikaat van Jonathan Tait is toe ingehandig as bewysstuk "V".

[121] Vervolgens het Williams verduidelik dat hy nie tik gebruik het toe hy die Sondag vanaf die Strand na die geel huis teruggebring is nie. Hy het homself as sober beskryf. Hy sê die dag toe hy en Miley die vuurwapen te Delft gaan haal het, het hy slegs die oggend tik gebruik. (*dit was 'n*

*aspek waaroor Williams indringend onder kruisondervraging geneem was, ek keer hierna terug*)

[122] Williams het vervolgens verduidelik dat hy sober was die stadium toe beskuldigde 2 die middag na sy borgvrygelating gesê het dat hy die teef gaan vrek maak. Williams het verduidelik dat voordat hy in die hof getuig het hy sy eerste verklaring by hom gehad het. Advokaat Badenhorst het hom ‘n geleentheid gegee om enige regstelling uit hierdie verklaring te maak indien nodig. Die getuie het aangedui dat daar geen sodanige regstellings was nie.

[123] Laastens het die getuie vir die hof gesê dat hy nie kon onthou of die gesprek tussen beskuldigde 2 en Miley, waartydens beskuldigde 2 sou gesê het dat hy die teef gaan vrek maak, op `n Maandag plaasgevind het nie. Dit was die einde van Williams se getuienis in hoof. Vervolgens die kruisondervraging van Meneer Mathewson. Ek som die kruisondervraging opsommende wyse as volg op.

[124] In kruisondervraging het Williams getuig dat die geel huis bestaan het uit twee slaapkamers, `n kombuis en ‘n sitkamer. Miley en díe se meisie het in een kamer geslaap, welke kamer slegs ‘n bed en ‘n kas in gehad het.

[125] Die ander inwoners van die huis het die twee beddens in

die tweede slaapkamer gedeel. Williams het getuig dat die inwoners om die beurt geslaap en getik het. Hy het verder verduidelik dat Jonathan Tait, alias Tatie, en Spaghetti ook in daardie kamer geslaap het alhoewel Spaghetti op ‘n ongereelde basis oorgeslaap het.

[126] Williams het getuig dat hy tydens sy verblyf in die geel huis tik gebruik en verkoop het. Na sy opname in die getuiebeskermingsprogram het hy egter beide aktiwiteite gestaak en hy het verduidelik dat tik hom “oopkop en helder’ maak. Hy het verder getuig dat hy nie helder was wanneer hy nie dwelms gebruik het nie.

[127] Williams het erken dat hy ‘n lid van die Hard Living bende was en dat hy nog steeds die tatoomerke van die bende op sy liggaam gehad het alhoewel hy nie meer ‘n lid was nie. Miley was ‘n Nice Time Kid en Tatie ‘n Dixie Boy. Hoewel die geel huis se bewoners aan veskillende bendes behoort het, het hulle hul almal onderwerp aan die gesag van Miley.

[128] Voor Williams sy intrek by die geel huis geneem het, was hy in diens van ‘n Portugees, Meneer Manuels, wie se sigarette hy gesteel het. Hy het die sigarette aan Miley verkoop en so sy dwelmgebruik onderhou. Hy het getuig dat hy destyds aan dwelms verslaaf was.

[129] Williams het aanvanklik getuig dat hy sy dwelmgebruik

gestaak het na sy opname in die getuiebeskermingsprogram. Hy het egter later tydens kruisondervraging erken dat hy in 2007, terwyl hy in die getuienbeskermingsprogram was, gearrresteer was op 'n klagte van besit van dwelms. Hy was onseker oor die datum van sy arrestasie.

[130] Williams het erken dat hy daagliks dwelms gebruik het tydens sy verblyf in die geel huis. Hy is gevra om spesifiek te wees en hy het gesê "wanneer ek dit kry het ek dit gerook". Hy het verder erken dat tik op daardie stadium vrylik beskikbaar was. Williams se verslaaftheid blyk uit die volgende:

*"die vraag was ja so as u wakker is dan tik u,*

*die antwoord daarop was: dan is daar mense wat tik, die wat nou in die huis is, dan is hulle al besig om te tik en dan val ek net in".*

[131] Williams het vervolgens verduidelik dat hy somtyds drie- tot vier keer per dag tik gebruik het. Hy sê die effek van die tik is dat hy dan helder bly of wakker bly tot en met die volgende dag.

[132] Vervolgens is Williams gevra oor sy stelling in getuienis-in-hoof dat hy nie enige dwelms gebruik het op die dag toe beskuldigde 2 op borg vrygelaat was na sy arrestasie op die klagte van verkragting.

[133] Hy het verduidelik dat hy nie daardie dag tik gebruik het nie omdat hy besig was met aflewerings. Hy kon egter nie verduidelik hoekom hy nie díe oggend die tik gebruik het nie, veral in lig van sy vorige getuienis dat hy drie tot vier keer per dag tik gebruik het. Hy het aanvanklik gesê dat hy nie daardie dag tik gebruik het nie omdat hulle Delft toe moes gaan. Meneer Matthewson het hom toe daarop gewys dat hulle eers die aand Delft toe is en wat van die oggend? Williams het voet by stuk gehou dat hy nie daardie dag tik gebruik het nie omdat hulle aflewerings gedoen het.

[134] Hy het getuig dat beskuldigde 1 tussen sy vriende en die gemeenskap bekend staan as Tabill. Williams het verduidelik dat hy nie ‘n persoon genaamd Tabull geken het nie.

[135] Williams het verduidelik dat hy nié vir beskuldigde 2 aan die polisie gerapporteer het nadat beskuldigde 2 gesê het dat hy daai teef gaan laat vrek maak nie, omdat beskuldigde 2 bewus was van Williams se probleme met die skoolmeisie se pa en omdat hy as gevolg van daardie probleem in die geel huis wou aanbly.

[136] Williams se getuienis-in-hoof was egter dat hy die verhouding met die skoolmeisie beëindig het kort na sy intrek by die geel huis.

[137] Williams het ook erken dat hy twee verklarings gemaak het. Hy sê dat hy 'een of twee' foute met betrekking tot tye en datums begaan het met die opstel van die eerste verklaring, díe is egter reggestel in die tweede verklaring.

[138] Williams het vervolgens ook erken dat hy in die normale loop van sake nie 'n probleem gehad het om sy afleweringstake te verrig terwyl hy onder die invloed van dwelms was nie. Dit is aan hom gestel dat dit onwaarskynlik was dat hy op die dag toe beskuldigde 2 op borg vrygelaat is ewe skielik homself sou weerhou van dwelms net omdat hy die aflewerings moes doen. Williams het daarmee saamgestem. Dit was die einde van die kruisondervraging deur Meneer Matthewson. Die kruisondervraging deur Meneer Engelbrecht kan as volg opgesom word.

[139] Williams het erken dat hy op 22 April 2005 en op 8 Oktober 2008 verklarings afgelê het. Hy was tevrede dat die inhoud van die April 2005-verklaring korrek was en sê dat hy self die verklaring deurgelees het. Hy ontken egter dat die eed opgelê was soos blyk uit die verklaring. Met betrekking tot die Oktober 2008-verklaring het hy sy handtekening op die verklaring erken en aangedui dat daardie verklaring gemaak is omdat hy sekere punte van sy 2005-verklaring wou opklaar.

[140] Williams het erken dat toe hy die April-verklaring afgelê het hy nog onder die invloed van tik was. Hy het egter aangedui dat die Oktober-verklaring in breëtrekke dieselfde as die eerste verklaring was.

[141] Williams het getuig dat toe beskuldigde 2 aan Tatie gevra het hoekom hy smokkel, Tatie daarop geantwoord het "broer Faan is gister gemang". Beskuldigde 2 sou dan verder verneem het of 'die twee broerse De Bill en Eendjie of hulle die nommer gedala het, Tatie sou dan geantwoord het "salute die nommer is gedala".

[142] Tatie sou dan verder gesê het "maar daardie twee broerse is gemang". Beskuldigde 2 het daarop geantwoord, volgens Williams, 'die broers De Bill en Eendjie hoef nie te worry nie, sy kontakte sal hulle uitkry.'

[143] Williams het getuig dat hy nie tik gebruik het die Sondag toe hy vanaf die Strand teruggebring was nie omdat Miley met hom sou afreken omdat hy na bewering 'n selfoon en geld gesteel het. Williams het egter verder gegaan en gesê dat niemand vir hom tik aangebied het nie.

[144] Vervolgens het Advokaat Engelbrecht die stellings gemaak in die eerste verklaring (April 2005), aan die getuie gestel. In daardie verklaring het Williams gesê dat beskuldigde 2 gekom en gevra het of die nommer gedala was. Dit was teenstrydig met sy getuienis-in-hoof waar hy gesê het dat

beskuldigde 2 verneem het 'of daai twee broerse De Bill en Eendjie die nommer gedala het'. Williams kon werklik nie die verskille verduidelik nie. Hy het voet by stuk gehou dat albei korrek was. Einde ten laas het hy erken dat daar nie name genoem was nie (dit is nie duidelik uit sy getuienis wat presies hy gehoor het met betrekking tot hierdie gesprek nie).

[145] Williams was gekonfronteer met 'n verdere bewering in sy eerste verklaring waarin hy gesê het dat beskuldigde 2 gevra het of die nommer gisteraand gedala was. In sy getuienis in hoof was daar nie 'n verwysing na 'gister aand' nie. Williams kon glad nie hierdie teenstrydigheid verduidelik nie. Hy het wel gesê dat dinge na hom toe teruggekom het terwyl hy in die program was, dat hy dit op sy skootrekenaar getik het. Dit het geblyk dat Williams nog 'n verdere verklaring en verdere notas asook aantekeninge gemaak het soos gebeure met verloop van tyd na hom toe teruggekom het.

[146] Vervolgens is Williams gevra oor die getuienis dat beskuldigde 2 vir Miley opdrag gegee het om na Delft te gaan. Die getuie het verder getuig dat Miley en beskuldigde 2 'n gesprek gehad het en dat Miley toe gesê het dat hulle Delft toe gaan. Dit blyk toe verder uit sy getuienis dat hy nooit gehoor het dat beskuldigde 2 vir Miley enige opdrag gegee het met betrekking tot die rit na

Delft nie. Williams het die weerspreking verduidelik deur te sê dat elke opdrag in elk geval vanaf beskuldigde 2 afgekom het. Die getuie het verskeie geleenthede gekry om die getuienis te verduidelik en hy kon nie. Hy het erken dat hy dit nie verder kon neem nie.

[147] In verdere kruisondervraging het Williams erken dat hy nie kon onthou of daar 'n TV in die sitkamer van die geel huis was nie (dit is insiggewend aangesien hy omtrent 4 maande in die huis gewoon het).

[148] Williams was ook gekonfronteer met sy verklaring aan waarin hy beweer het dat: "Garron Potts het gesê hy gaan vir haar vrek laat skiet en hy kan nie weer geld spandeer op die kak saak nie, want is `n ou saak". In kruisondervraging was hy daaroor gevra omdat hy in sy getuienis-in-hoof nie na die woord "kak" verwys het nie. Hy het toe verduidelik: "ek weet nie of dit appropriate is om so te gaan praat in die hof nie u edele". Williams is toe daaraan herinner dat die hof aan hom verduidelik het dat hy moet, waar moontlik, die presiese woorde van beskuldigde 2 herhaal. Sy finale antwoord was en ek haal aan: "net omdat ek dit nie wil gebruik het nie edelagbare."

[149] Williams is verder gekonfronteer met sy eerste verklaring. In daardie verklaring het hy gesê dat beskuldigde 2 twee dae na sy vrylating op borg die gewraakte uitlating gemaak

het, met ander woorde dat hy die teef gaan laat vrek skiet. In sy getuienis-in-hoof het hy getuig dat die uitlating gemaak was dieselfde dag toe beskuldigde 2 op borg vrygelaat is. Williams het verduidelik dat terwyl hy in die program was gebeure mettertyd na hom teruggekom het. Hy het mettertyd notas op sy skootrekenaar gemaak en verder 'n dagboekie gehou gebeure te boekstaaf soos dit na hom toe teruggekom het.

[150] Vervolgens het Williams erken dat hy in sy eerste verklaring glad nie daarvan melding gemaak het dat Ille gestuur was om die 9 mm-rewolwer te gaan haal nie. Hy het gesê dat dit gebeure was wat later na hom toe teruggekom het. (terwyl hy in die program was) Dit is deur Advokaat Engelbrecht aan die getuie gestel dat dit versinsels van sy dwelmverslaafdheid was. Daarop het Williams geantwoord dat hy wel daardie tyd dwelms gebruik het, maar nie verslaaf was nie.

[151] Vervolgens is Williams gevra wat Kaptein Bailey aan beskuldigde 2 sou gesê het toe hy hom gearresteer het. Williams het weer verduidelik dat Kaptein Bailey gesê het "ek arresteer jou vir verkragting", dat beskuldigde 2 verbaas was en gevra het vir watter saak. Die probleem kom by die volgende, Williams het verduidelik dat Kaptein Bailey gesê het vir die verkragting van Es-Louis, dan voeg hy by hy sou mos nie Esie gesê het nie, hulle sou haar

regte naam gebruik het. In kruisondervraging is hierdie aspek uitgepluis en het dit geblyk dat Williams nie presies kon onthou wat die polsiebeampte aan beskuldigde 2 gesê het nie.

[152] Uiteindelik is daar aan Williams gestel dat hy nie regtig kon onthou nie, dat hy op daardie stadium onder die invloed van tik was en dat sy verstand beneweld was. Williams het geantwoord dat hy saamstem dat sy verstand op daardie stadium beneweld was.

[153] Vervolgens was Williams se getuienis-in-hoof aan hom gestel waaruit die volgende blyk. Hy het in sy verklaring aangedui dat hulle op die Maandag na Delft gegaan het om die vuurwapen te gaan haal. In sy notas verduidelik hy dat hulle die Donderdag na Delft gegaan het. Uit die rekord blyk die volgende"

> *"Advokaat Engelbrecht stel die volgende aan Williams, "u sê die dag, in die een, in die April – verklaring sê u hy kom uit, sê op die Sondag en op dieselfde Sondag gaan julle Delft toe. Op die ander verklaring sê u hy bars uit, julle wag twee dae en dan gaan julle, hoekom is dit so?*
>
> *Die antwoord hierop is ek kan nie sê nie u Edele".*

[154] Williams het verder getuig dat hy eers van Angelo verneem het terwyl hulle reeds oppad na Delft was. Hy het Angelo

nie voorheen geken nie. Hy is in Delft nooit aan Angelo voorgestel nie. Wat wel gebeur het was dat Miley met iemand gesels het en dat hy toe gehoor het dat dit Angelo was. Hy het erken dat hy niks van Angelo af weet nie en is toe gevra hoekom hy in getuienis in hoof getuig het dat Angelo 'n lid van die Dixie Boys bende was en sy antwoord was: "daar was van die Dixie Boys ook by Angelo se plek".

[155] Williams het in getuienis in hoof getuig dat beskuldigde 2 voor sy huis gestaan het toe hy en Miley vanaf Delt teruggekeer het. Beskuldigde 2 het volgens Williams oorgekom na die geel huis. Dit was egter teenstrydig met Williams se weergawe in sy verklaring van 22 April 2005, waarin hy gesê het dat Miley vir beskuldigde 2 gebel het na hulle aankoms vanaf Delft. Volgens daardie weergawe sou beskuldige 2 eers na die oproep na die geel huis oorgekom het. Williams se verduideliking vir die verskille was: "ek kan nie onthou nie u Edelagbare hoekom".

***Herondervraging***

[156] Williams het verduidelik dat wanneer hy tik gebruik het, hy baie meer oplettend was. Advokaat Badenhorst het aan hom die woordeboekbetekenis van beneweld gestel as donkerig, mistig, toegetrek. Williams het ontken dat tik enige van hierdie effekte op hom gehad het.

**EVALUASIE**

[157] Everlyn Linnert het moeilik getuig. Sy kan nie daarvoor gekritiseer word nie. Dit het duidelik geblyk dat sy lief vir die oorledene was en nog steeds, 3 jaar later, dit moeilik vind om die gebeure in herrinering te roep.

[158] Linnert was ‘n enkelgetuie met betrekking tot haar identifikasie van beskuldigde 1. Haar getuienis moet dus met omsigtigheid benader word. Ek het Linnert se getuienis benader met verwysing na die riglyne wat deur Holmes HR in **S v Mtetwa** neergelê is. Die geleerde regter het hom op 768 A-G as volg uitgelaat:

*“Para A - G: Because of the fallibility of human observation, evidence of identification is approached by the Courts with some caution. It is not enough for the identifying witness to be honest: the reliability of his observation must also be tested. This depends on various factors, such as lighting, visibility, and eyesight; the proximity of the witness; his opportunity for observation, both as to time and situation; the extent of his prior knowledge of the accused; the mobility of the scene; corroboration; suggestibility; the accused’s face, voice, build, gait and dress; the result of identification parades, if any; and, of course, the evidence by or on behalf of the accused. The list is not exhaustive. These factors, or*

*such of them as are applicable in a particular case, are not individually decisive, but must be weighed one against the other, in the light of the totality of the evidence, and the probabilities; see cases such as R. v. Masemang, 1950 (2) S.A. 488 (A.D.); R. v. Dladla and Others, 1962 (1) S.A. 307 (A.D.) at p. 310C; S. v. Mehlape, 1963 (2)*

[159] Eerstens is dit so dat beskuldigde 1 aan Linnert bekend was. Sy het hom kort voor die voorval gesien. Dit verhoog die moontlikheid van ‘n korrekte identifikasie. Dit is egter so dat haar indentifikasie in ongunstige omstandighede gemaak was. Dit was donker, reeds na 20h00 in die aand.

[160] Die beligting was sodanig dat Linnert die persone, wie oorkant die pad in die teenoorgestelde rigting as sy en die oorledene beweeg het, slegs as figure beskryf het. Linnert het getuig dat die maan geskyn het en dat die lig van die maan en die naby geleë huise haar in staat gestel het om beskuldigde 1 te identifiseer. Volgens bewystuk “EE”, ‘n gesertifiseerde afskrif van die maankalender gedurende 2005, was die maan donker daardie aand en het slegs ‘n sekelmaan om 02h54 geskyn (dit is ses minute voor drie die oggend). Linnert maak dus ‘n fout. Opsigself is die fout kommerwekkend. Linnert het, toe sy in kruisondervraging gekonfronteer was met die stand van die maan, voet by stuk gehou dat die maan geskyn het. Sy het egter verder gegaan en getuig dat sy en die oorledene

die helder maan bespreek het.

[161] Adv Bardenhorst, vir die staat, het toegegee dat die hof van die stand van die maan, soos weergegee in die kalender, kennis kon neem. Dit beteken dat Linnert slegs die ligte van die naby geleë wonings gehad het om hulle aanvallers te identifiseer.

[162] Volgens Linnert het sy 3 sekondes gehad in die periode toe die skut omdraai, hulle agterna sit, die vuurwapen uit sy broek haal, verby haar kennebak druk, tot voor haar beweeg, sy hom wegstoot en in daardie oomblik hom identifiseer. Die periode was kort. Die toneel het ook deurgans beweeg. Dit is ‘n faktor wat die hof in ag moet neem.

[163] Terwyl sy in die ambulans gesit het, het Linnert inligting aangaande haar aanvaller aan die polisie gegee. Die onbetwiste getuienis van Konstabel Cupido (**Cupido**) was dat:

a. Hy tesame met Inspekteur Hammerse (**Hammerse**) by die moordtoneel opgedaag het. Hulle was die eerste polisiebeamptes op die toneel. Linnert het later op die toneel opgedaag. Sy was aanvanklik onwillig om die gebeure met hom te bespreek. Dit was eers nadat beide, Linnert en Cupido, in die ambulans was en ook eers nadat Cupido die ambulansdeur toegemaak het dat Linnert die volgende bewerings aan hom

gemaak het:

> *"Sy het verduidelik dat sy en die oorledene by `n woning van `n vriend in Waboomstraat was, hulle het toe daarna huis toe gestap en het gestap vanaf Waboomstraat na Palmietstraat. Sy het verder aan hom verduidelik dat op die hoek van Waboom- en Palmietstraat het twee manspersone gestaan. Sy en die oorledene het verby die twee manspersone gestap en die persone het agter hulle twee gestap. Sy het verder verduidelik dat toe sy omkyk sy gemerk het dat een van die manspersone `n vuurwapen uithaal. Sy het toe die oorledene omhels en haar vasgehou. Sy het 'n skoot hoor afgaan en die oorledene het op die grond neergeval en sy het bo-op haar gaan lê om haar te beskerm. Een van die manspersone het haar afgetrek van die oorledene en het die oorledene geskiet en Linnert het verder verduidelik dat sy gehardloop het om hulp te gaan soek en dat sy toe gehoor het dat verdere skote afgaan.*
>
> *Sy het gesê dat sy een van die persone van aansien ken en sy het hom Mr. Bill of Bill genoem. Sy kon nie 'n beskrywing van hierdie persoon gee nie en sy kon nie vir hom sê waar die persoon woon nie."*

[164] Die mees opvallende weerspreking tussen haar getuienis en die weergawe aan Cupido, volgens my, is dat sy gesê het dat sy een van die persone van aansien ken. Haar getuienis was dat sy beide Eendjie en beskuldigde 1 van aansien ken. Sy ken Eendjie beter en het ook geweet waar hy op 'n stadium gewoon het. Verder is die onbetwiste getuienis van Cupido dat Linnert nie 'n beskrywing van die persoon wie sy as 'Bill of Mr Bill" beskryf het kon gee nie. Linnert het getuig dat sy te alle tye na die voorval in staat was om 'n beskrywing van beskuldigde 1 te gee.

[165] Dit is vreemd dat sy nie aan Cupido gemeld het dat Eendjie saam met beskuldige 1 op die toneel was nie. Veral aangesien Eendjie die persoon is wie sy ken. Ek aanvaar dat die getuie getraumatiseer was, Cupido het ook so getuig. Dit is te verwagte in daardie omstandighede. Daar kan steeds verwag word dat sy aan Cupido sou noem dat Eendjie saam met beskuldigde 1 was aangesien sy Eendjie geken het. Haar getuienis was dat Eendjie op 'n stadium, **in 2003**, oorkant haar gewoon het. Sy het selfs Eendjie se gunsteling baadjie (Hooded-top) geken. Eendjie was ook n vriend van haar man.

[166] Strydig met die getuienis van Cupido het Hammerse getuig dat Linnert beskuldigde 1 en Eendjie genoem het as die persone wie hulle aangeval het. Hammerse se getuienis was as volg:

*"Dat hy die aand van die voorval in die omgewing was, hy het na die toneel gegaan en het omtrent 22h00 die aand daar aangekom. Hy het inligting op die toneel ontvang met betrekking tot wie verantwoordelik was vir die skietvoorval. Hy sê hy het hierdie inligting gekry vanaf Everlyn Linnert , dit was op die stadium toe sy in die ambulans met Cupido gepraat het. Hammerse het verduidelik dat die ambulansdeur oop was en dat Linnert die name van beskuldigde 1 en Eendjie genoem het. Hy het daarna, vergesel deur die oorledene se ouers, na die perseel te nommer 9 Riviersonderend gegaan en beskuldigde 1 en Eendjie gearresteer. Tydens hulle arrestasie was beskuldigde 1 en Eendjie in die teenwoordigheid van 'n paar ander mans en het die oorledene se ouers hulle uitgewys. Hammerse self het beide beskuldigde 1 en Eendjie geken voor die voorval. Dit was, selfs na indringende kruisondervraging, nie duidelik hoekom dit nodig was dat die twee aan hom uitgewys moes word nie."*

[167] Hammerse het geen stawing vir Linnert gebied nie. Inteendeel, hy het Linnert en Cupido weerspreek. Sy getuienis was van so 'n aard dat die hof nie daarop kan steun nie.

[168] Die feit dat die persoon wie Linnert as beskuldigde 1

uitgeken het ‘n mussie op sy kop gehad het moet ook in ag geneem word. Sy het getuig dat die mussie tot by die aanvaller se wenkbroue afgetrek was. Dit, volgens my, sou die uitkenning in die omstandighede van hierdie saak bemoeilik het.

[169] Die volgende getuie wie Linnert moes staaf was Aulrich Palmer(**Palmer**). Palmer se getuienis was as volg:

> *“Hy woon twee huise vanaf Faan. Op `n aand in April 2003, hy was nie seker van die aand nie, watter aand van die week nie, dit was al skemer en hy het winkel toe gegaan. Oppad terug van die winkel het hy twee persone by Faan se huis gesien. Een van die persone het met Faan gepraat. Daardie gesprek het by die deur van die woning plaasgevind. Die ander persoon het by die stomp gestaan. Beide persone het kappies tops aangehad, hy het later in kruisondervraging gesê beide het hulle kappies opgehad. Hy kon nie sê of dit mans of vrouens was nie.*
>
> *Hy het huis toe gegaan, waar Jessica, Faan se vrou by sy moeder gekuier het, en aan haar, Jessica, gerapporteer dat daar twee persone by haar huis was. Toe Jessica hierdie nuus ontvang het sy terug huis toe gegaan.*

*Palmer het die volgende dag eers van die skietery gehoor. "*

[170] Palmer is geroep om Linnert te staaf. Haar getuienis was dat Eendjie en een ander persoon by Faan se huis aangekom het terwyl sy en die oorledene by Faan gekuier het. Dit was kort voor die noodlottige voorval. Linnert het getuig dat Eendjie met die oorledene gepraat het, hy wou weet of beskuldigde 1 haar al in die hande gekry het. Palmer kon die getuienis nie staaf nie. Die staat het nie, oënskynlik bevoegde en verpligbare getuies, Faan of Jessica geroep om Linnert te staaf nie.

[171] In die getuiebank het Linnert verduidelik dat sy die aanvaller voor sy bors gestoot het met beide hande toe sy agterkom dat hy 'n vuurwapen het. Sy het haar hande vorentoe en opwaarts gestoot in haar verduideliking. In kruisondervraging het sy bevestig dat daardie handeling nodig was omdat haar aanvaller effens langer as sy was. Linnert was gekonfronteer met die lengte van beskuldigde 1 en het toegegee dat hy nie langer as sy was nie.

[172] In die lig van bogenoemde en ander aspekte waarmee nie in hierdie uitspraak gehandel is nie kan hierdie hof, aan die hand van die riglyne in **S v Mtetwa**, nie bevind dat Linnert se uitkenning van beskuldigde 1 betroubaar was nie. Dit is egter nie die einde van die saak vir beskuldigde

1 nie.

[173] Williams was in 'n onbenydenswaardige posisie. Hy is oppad om sy lewe te herkonstrueer na dwelmverslaafdheid. Sy geheue is vaag oor sekere periodes maar mettertyd blyk dit asof hy tog meer van sy lewe teruggekry het. Dit is belangrik om te onthou by beoordeling van die aansoek in terme van Artikel 204.

[174] Die getuienis van Williams is in detail bo behandel en die teenstrydighede is uitgelig in kruisondervraging. Dit dien geen doel om dit te herhaal nie. Dit behoort duidelik te wees uit bogenoemde dat Williams as enkelgetuie tot belangrike aspekte van hierdie verhoor nie die mas opgekom het nie. Dit is dus nodig om te kyk of daar enige stawing vir sy weergawe is.

[175] Met betrekking tot die arrestasie van beskuldige 2 was Superintendent Bester nie geroep om Williams te staaf nie. Williams se getuienis oor wat beskuldige 2 se reaksie was op sy arrestasie kon nie deur Bailey bevestig word nie, omdat Bailey nie die arresterende beampte was nie. Die staat het gepoog om Superintendent Bester se getuienis te lei maar hy was nie op die dag beskikbaar nie en pogings om later sy getuienis aan te bied was onsuksesvol.

[176] Miley, 'n beskikbare en bevoegde getuie, is nie geroep of aangekla nie. Smiley, Faan en Faan se vrou was nie

geroep nie, terwyl hul oënskynlik beskikbare en verpligbare getuies was.

[177] Die samesweringklagte is gebasseer op die getuienis, eerstens van Williams, maar ook die gebeure wat daarop gevolg het. Volgens Williams sou beskuldigde 2 die oorledene se dood veroorsaak het as gevolg van die verkragtingklagte. Kaptein Teladia het getuig dat ten tye van haar dood die oorledene, die klaagster, in minstens 3 hangende verkragtingsake was. Hy het verder getuig dat een van die sake vir verhoor die Maandag, na die oorledene se dood, te Parow streekhof geplaas was. Teladia het vervolgens erken dat meerdere persone dus ‘n motief gehad het om die oorledene te vermoor.

[178] Williams weet nie wanneer die samesweringgesprek tussen beskuldigde 2 en Miley plaasgevind het nie. Ek herhaal nie sy getuienis oor dié aspek nie. Daar is, volgens my, nie bo redelike twyfel bewys dat die gesprek wel plaasgevind het nie.

[179] Die misdaadsameswering word gepleeg wanneer twee of meer persone ooreenkom om ŉ misdaad te pleeg. Daardie ooreenkoms kan egter ook van die omstandighede afgelei word. In **S v Cooper** 1976(20) SA 875 (T) op 879 sê die hof:

*“While the conspiratorial agreement is in existence*

*it may be joined by others and some may leave it. The person who joins it is equally guilty."*

[180] Volgens Snyman moet daar "a meeting of the minds" wees. In **S v Moumbaris** 1974 (1) SA 681 (T) op 687A-B bevind die hof dat:

*"A conspiracy is thus not merely a concurrence of wills but a concurrence resulting from agreement."*

[181] Van Heerden AR in **S v Sibuyi** 1993(1)SACR 235 (A) meld met verwysing na Hiemstra, Suid Afrikaanse Strafpropses dat :

*"...die sameswering is voltooi sodra die ooreenkoms bereik is,..."*

[182] Die vervolging, na my mening, se probleem is juis gesetel in die gebrekkige, en uiters swak getuienis met betrekking tot die ooreenkoms. Soos aangedui in die gedetaileerde opsomming van Williams se getuienis, is dit nie duidelik wanneer die ooreenkoms na bewering bereik is nie. Ek herhaal nie Williams se teenstrydige getuienis in hierdie verband nie. Maar dit is belangrik om te onthou dat Williams getuig het dat hy die samesweringvergardering onthou omdat:

a. Hy toe nugter was en nie onder die invloed van Tik was nie, wat hy andersins 3 tot 4 keer per dag gebruik

het.

b. Hy die sameswering koppel aan beskuldigde 2 se vrylating op borg.

[183] Williams se getuienis word dus meer verdag wanneer dit in kruisondervraging duidelik word dat hy nie regtig onthou watter dag van die week beskuldigde 2 op borg vrygelaat was nie. Williams het ook 'n aktiewe rol gespeel deurdat hy:

a. Vir Ille in opdrag gaan haal het.

b. Hy die voertuig na Delft bestuur het.

[184] In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat daar nie op Williams se getuienis aangaande die sameswering peil getrek kan word nie. Beskuldigde 1, volgens Williams, was nie destyds 'n lid van die Dixie Boys bende nie. Volgens Williams was beskuldigde 2 eerder beïndruk met Smiley as skut. In die lig daarvan bleik sy getuienis dat beskuldigde 2 sou gevra het of daai broers De Bill en Eendjie die nommer gedala het, verdag. Te meer so omdat daardie weergawe eers later na vore kom. Daar was beskikbare en verpligbare getuies beskikbaar om Williams te staaf. Daardie persone het egter nie getuig nie. Hierdie hof kan nie bevind dat die vervolging getuienis bo redelike twyfel aangebied het wat daarop dui dat beskuldigde 2 met persone saamgesweer het om die oorledene te vermoor

nie.

**VRYWARING VAN WILLIAMS**

[185] Artikel 204(2)(a) van die Strafproseswet lees as volg:

> *"Indien 'n in subartikel (1) bedoelde getuie, na die oordeel van die hof, op alle vrae aan hom gestel openhartig en eerlik antwoord....."*

[186] Ek het vroeër aangedui dat Williams in 'n onbenydenswaardige posisie is, hy probeer sy lewe herkonstrueer na erge dwelmverslaafdheid. Hierdie hof is nie oortuig dat hy noodwendig doelbewus die hof mislei het nie. Eerder was hy werklik nie in staat om die werklikheid te onderskei van dit wat hy dink moes of sou gebeur het. So byvoorbeeld getuig hy dat die polisie na die oorledene op haar volle name sou verwys het.

[187] Met verwysing na artikel 204, van die Strafproseswet word die getuie Jeswaine Williams gevrywaar van vervolging op die klagtes van oortreding van artikels 5(a) en 4(b), die handeldryf of besit van verbode afhanklikheidsvormende medisyne, van Wet 140 van 1992.

**BEVINDING:**

[188] Om bogenoemde redes is dit die eenparige bevinding van hierdie hof dat die staat nie hul saak bo redelike twyfel

bewys het nie. Gevolglik bevind hierdie hof as volg:

**BESKULDIGDES 1 EN 2 WORD OP DIE KLAGTES HULLE TEN LASTE GELÊ ONSKULDIG BEVIND EN HULLE WORD ONTSLAAN.**